13.9 RAPPORT 1 – DEPUTATE VIR ADVIES INSAKE TOESEGGINGS UIT DIE RENTE VAN DIE SUSTENTASIEFONDS – ALGEMEEN

1. Opdrag

Acta 2009:76, 3.2.4.2 en 4.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Vir die stand van die Sustentasiefonds word u verwys na die finansiële state van die Administratiewe Buro.

2.2 *Aansoeke*

2.2.1 Ten spyte van herhaalde versoeke en van die verduidelikende notas, was sekere kerke se aansoeke nie volledig nie en het dit nie aan al die vereistes van die Reglement voldoen nie. Daar was ook aansoeke van kerke wat keurig en netjies versorg was met al die nodige inligting en verduidelikings. Sommige Klassisse het baie deeglike werk gedoen, terwyl ander hulle verantwoordelikheid om die aansoek te motiveer, nagelaat het.

2.2.2 Aansoeke is op dieselfde wyse as in die verlede behandel en beoordeel volgens die Reglement. Kerke wat aansoek doen om sustentasie, is gevra vir ‘n bedieningsplan sodat die wyse waarop die kerk sy roeping wil nakom, duidelik is.

2.2.3 Die aansoeke van kerke by die Sustentasiefonds vir 2013 was R5 454 556. Die Deputate het ‘n bedrag van R2 685 000 toegeken uit die Sustentasiefonds. Die Streeksinodes en Klassisse het dit aangevul tot ‘n bedrag van R4 082 976.

2.2.4 Die aansoeke deur die kerke by die Sustentasiefonds vir 2014 was R5 949 810. Die Deputate het met ‘n bedrag van R1 749 000 gesustenteer. Die Streeksinodes en Klassisse het dit aangevul tot R3 351 079.

2.2.5 Die aansoeke deur die kerke by die Sustentasiefonds vir 2015 was R7,667 miljoen. (In 1985 was die totale aansoeke R190 000 – Acta 1985:46, 47) Die Deputate het met ‘n bedrag van R2 490 000 gesustenteer. Die Streeksinodes en Klassisse het dit aangevul tot R4 137 294 (dit verteenwoordig 52% van die aangevraagde bedrag).

2.2.6 Die genoemde bedrag van R4 137 294 in 2.2.5, vereis egter dat ‘n bykomende R1 000 000 in kollektes in 2015 ingesamel sal moet word. Die kollektes wat in 2014 ingesamel is, kom egter nog nie by die riglyn van R20 per lidmaat per jaar nie.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

3.1 *Toekennings*

Hierdie tabel is die totale toekennings vanuit die bydraes van die Klassisse, Streeksinodes en GKSA Sustentasiefonds (in Rand):

STREEKSINODES	Vir 2013	Vir 2014	Vir 2015
Bosveld	68 000		87 000
Pretoria	140 715	129 178	182 514
Noordwes	1 253 980	1 264 204	1 159 697
Oostelike	191 000	88 870	88 000
Vrystaat & KwaZulu Natal	899 579	589 827	725 083
Suidelike	133 000	851 000	1 111 000
Randvaal	396 702	428 000	784 000
TOTAAL	**4 082 976**	**3 351 079**	**4 137 294**

Die onderverdeling van hierdie bedrae lyk soos volg – bydraes deur onderskeidelik die Klassis, Streeksinode en GKSA Sustentasiefonds (in Rand):

STREEKSINODE		Vir 2013	Vir 2014	Vir 2015
Bosveld	Klassis			
	Streeksinode	40 000		64 000
	GKSA Sust	28 000		23 000
Pretoria	Klassis	20 000	129 178	15 000
	Streeksinode	120 715		167 514
	GKSA Sust			
Noordwes	Klassis	64 755	81 999	171 000
	Streeksinode	466 225	604 205	421 697
	GKSA Sust	723 000	578 000	567 000
Oostelike	Klassis	7 000	5 000	6 000
	Streeksinode	140 000	83 870	82 000
	GKSA Sust	40 000		
Vrystaat-KZN	Klassis	64 788	69 826	67 400
	Streeksinode	177 791	180 001	163 683
	GKSA Sust	657 000	340 000	494 000
Suidelike	Klassis	75 000	100 000	100 000
	Streeksinode	90 000	78 000	66 000
	GKSA Sust	968 000	673 000	945 000
Randvaal	Klassis	23 802	155 000	178 000
	Streeksinode	107 800	115 000	145 000
	GKSA Sust	265 000	158 000	461

3.2 Aanbevelings

3.2.1 Die Sinode neem kennis van die toekennings wat gemaak is en keur die optrede van die Deputate goed.

3.2.2 Die Sinode benoem weer Deputate volgens die Reglement om die volgende opdrag uit te voer: Om volgens die Reglement van die GKSA Sustentasiefonds toeseggings te maak uit die beskikbare fondse.

3.2.3 Dat daar jaarliks gerapporteer word aan Klassisse, Streeksinodes en ook aan die Algemene Sinode oor die wyse waarop die sustentasie toegeken word.

3.2.4 Die Sinode gee opdrag aan die te benoeme Deputate om voort te gaan met fondsinsameling vir die Sustentasiefonds deur vrywillige bydraes te vra by kerke en/of instansies en/of persone.

3.2.5 Die Sinode keur 5 kollektes per jaar goed vir die Sustentasiefonds met as riglyn R25.00 per lidmaat per jaar.

3.2.6 Die Sinode versoek Klassisse om kerke aan te moedig om toesig te hou (oa deur visitasie) dat die goedgekeurde kollektes opgeneem word.

Rapporteur: